AREA 10

JAARVERSLAG VIR 2019

Area 10 bestaan uit 4 takke met ‘n ledetal van 57, 28 vergaderings is aangebied en takbesoek is by al 4 takke gedoen. Vergaderings word goed bygewoon en alle studierigtings word behandel.
Pennies for friendship word goed ondersteun en 2 takke stap vir “Woman walk the world”
9 lede van Area 10 woon 2019 Kongres te Sandstone Sleeper Estate by.
12 Dames se artikels gaan deur na Kongresvlak.
2 Dames uit die Area ontvang pryse tydens die Kongres.

Area Konferensie word aangebied deur Koffiefontein, 27 lede uit Area 10 woon diè Konferensie by. Heelwat lede moes tuis bly agv vol spruite en nat paaie. Jeanette Geldenhuis-Smith was die spreker en Nelien Smith betower ons met haar sang. Reddersburg wen die trofee vir die tak met die meeste punte en Elsabè Kotzè wen die trofee vir die dame met die meeste punte op die Konferensie.
Area 10 neem ook afskeid van Estelle Potgieter na 9 jaar as Uitvoerende Bestuurslid.

Seminare word goed deur al die takke bygewoon. Inskrywings aan die verskillende afdelings van die kompetisies was goed. Reddersburg wen die kompetisie vir die VLU-takke by Bloemskou.
Hiermee ‘n oorsig van die studierigtings wat tydens vergaderings behandel is:
Pak jou tas:
Reddersburg reis saam met Marie Labuschagne en Sandra Neethling na Namakwaland en Richtersveld.
Jagersfontein reis saam met Patat vd Post en Lienie Olwagen na Italië, elke lid moes 1 artikel saambring waarsonder sy nie sal kan reis nie.
Welwillendheid:
Luckhoff nooi Ellouise Stander van die vroue groep “Warrior Woman” wat in diè dorp gestig is deur Elloise, sy deel haar missie met die lede, diè groep dien as brugbouers tussen vrouens van alle kleure en doen ook opheffingswerk in die gemeenskap.
Sannie Kruger van Reddersburg skenk bedsokkies, serpe en linne aan Reddersburg Sentrum vir Bejaardes. Klere, breiwerk en sanitêre ware word aan die Maatskaplike werker van Engo gegee.

Jagersfontein is betrokke by droogtehulp aan Williston. Klere, kos, vleis en kontant word in samewerking met die NG Kerk Jagersfontein aan boere en plaaswerkers in Williston gestuur.

Vandag se vrou:

Luckhoff gebruik Februarie om ‘n interessante vraelys te voltooi om te sien watter liefdestaal elkeen “praat” en diè klomp het baie geleer van mekaar.

Santie Marais doen ‘n voorlesing oor vrouwees. Vroue is uniek geskape, ons doen anders, dink anders en is nie volmaak nie. ‘n Lewe van dankbaarheid is egter baie belangrik.

Carin Reid van Luckhoff se vergadering handel ook oor die vrou van vandag.

Actuality:

All the branches in the area used this meeting to plan ahead. This is most important as only if meetings are interesting can members be expected to attend them.

Needlework:

Magda Cloete inspires members of Reddersburg.

Sarah Meyer and Cara Fourie demonstrates the use of remnants in the making of oven mitts. They sell these articles to raise funds for a family member who suffers from cancer.

Life style (Health):

Charmaine Swart from the Centre of Hope in Bloemfontein visits in Reddersburg and talks about abortion.

Mr Leo Kruger from Koffiefontein teaches members about putting a proper will together.

Hester Maritz from Jagersfontein dgives an interesting talk about the do’s and don’ts of preserving

Creativity:

Members of Area 10 enjoy the creativity meetings very much and the interesting laying and decorating of tables, the use of chalk paint, paper flowers, creative use of buttons and beads were some of the creative meetings presented.

Pannekoek & Pantoffel Projek:

Die pannekoek en pantoffel projek is goed deur alle takke aangepak.

Jagersfontein nooi vriendinne vir ‘n Laat-ontbyt met die doel om lede te werf vir VVLU.

Reddersburg bak pannekoek vir die Sentrum vir Bejaardes, Sannie Kruger skenk bedsokkies tydens die geleentheid aan die bejaardes.

Koffiefontein bederf die personeel van die skool met heerlike pannekoek.

Demonstrasies aangebied:

Hoe om ‘n hoender te ontbeen word in Koffiefontein gedemonstreer.

Elza Dalton van Luckhoff demonstreer Hertzoggies met ‘n kinkel en Wortel-pynappel en komkommerslaai aan die lede.

Magda Cloete van Reddersburg gee demonstrasie aan lede oor Koninklike versiersuiker.

Patat vd Post van Jagersfontein gee vir die lede ‘n baie leersame demonstrasie oor hoe om Gnocchi te maak.

Elsabè Kotzè en Karin Kersop van Jagersfontein woon ‘n Tjoko Paint demonstrasie in Bloemfontein by.

Elsabè Kotzè neem ook deel aan ‘n “online” demonstrasie oor die maak van proteas.

Fondsinsameling:

Doop-funksie, verkope en ‘n Kuddedag vorm deel van takke se aktiwiteite om fondse in te samel.

Skenkings:

Luckhoff skenk R 500.00 vir Johan vd Westhuizen, ‘n kanker pasiënt.

Jagersfontein pak 22 Kersete bokse ter waarde van R10 000.00 vir Williston as deel van die landwye Boks vir ‘n Boervrou.

Reddersburg en Koffiefontein werk saam met hul onderskeie kerke om droogtehulp te verleen.

Elsabè Kotzè – Uitvoerende Bestuurslid